higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

(7080104)

9 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

212Q1B2009

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die babas en kleuters se area buite moet apart wees van die ouer kinders s'n.

1.1.2 Troeteldiere mag in die babas se area rondbeweeg.

1.1.3 Die meeste aktiwiteite in die Babakamer kan daagliks aangebied word.

1.1.4 Die educarer is die kind se primêre opsigter.

1.1.5 Babas moet nooit sonder toesig in hul bedjies gelaat word as hulle wakker is nie.

1.1.6 Voorwerp-permanensie is wanneer 'n baba besef 'n voorwerp bestaan nog al is dit buite sig.

1.1.7 Observasie behels meer as om net na 'n kind te kyk; dit is om die kind se optrede in detail waar te neem.

1.1.8 Educarers leer tydens observasie wat 'n kind se swak- en sterkpunte is.

1.1.9 Die belangrikste rede om na kinders te kyk, is om besig te bly.

1.1.10 Basiese roetines soos doeke omruil hoef nie geobserveer te word nie.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Suig, gryp	A	onafhanklike/alleenspel
1.2.2	Die kind speel alleen	B	aktiewe spel
1.2.3	Kinders stel dinge op 'n unieke en verbeeldingryke manier saam.	C	sosiale spel
1.2.4	Lyk of hulle saam speel, maar eintlik speel elkeen steeds alleen	D	konstruktiewe spel
1.2.5	Betrek die kind se groot spiere	E	manipulerende spel
1.2.6	Media kan gebruik word soos die kind goedvind	F	parallelle spel
1.2.7	Kinders speel saam	G	reflekse
1.2.8	Uitspraak, woordeskat, praat	H	oop media
1.2.9	Hierdie spel behels om 'n voorwerp in posisie in te maneuvreer	I	knyptanggreep ('pincer grasp')
1.2.10	Gebruik duim en wysvinger om iets vas te hou	J	ekspressiewe taal
		K	reseptiewe taal
		L	taalaktiwiteit

(10 × 2) (20)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die area vir … is NIE 'n roetine-area in die Babakamer nie.

A rus en doeke omruil
B voeding en voorbereiding van voedsel
C isolasie
D toilet en skoonmaak

1.3.2 Gelamineerde veiligheidsglas kan in 'n babakamer geïnstalleer word om ... te verbeter.

A ventilasie
B temperatuur
C tekstuur
D klankgehalte

1.3.3 … is 'n warm kleur.

A Rooi
B Blou
C Groen
D Wie

1.3.4 Moet nooit tydens 'n kreatiewe aktiwiteit … nie.

A toesig hou
B lelike prente wys
C die kinders hul eie verf laat meng
D vir die kinders 'n model wys wat hulle moet namaak

1.3.5 … is NIE 'n sekondêre kleur nie.

A Groen
B Pers
C Geel
D Oranje

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Babas spandeer baie tyd op die vloer.

Verduidelik die vereistes vir vloerbedekking in die Babakamer. (5 × 2) (10)

2.2 *Fantasiespel* staan ook bekend as *verbeeldingspel, voorgeespel* en *rolspel*.

2.2.1 Bespreek die waarde van *fantasiespel* vir jong kinders. (4 × 2) (8)

2.2.2 Bespreek die rol van die educarer tydens fantasiespel. (6 × 1) (6)

2.2.3 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vraag.





[Bron: *https://www.mothergoosecornerdcc.co.za*]

2.2.3 Veronderstel jy is 'n educarer. Skryf enige TWEE observasies oor die holistiese ontwikkeling van die kinders in die foto's hier bo neer. (2 × 2) (4)

2.3 Tydens fisies aktiewe spel oefen en ontwikkel babas hulle spiere en raak ontslae van ekstra energie.

Bespreek die plek en tyd van fisies aktiewe spel in die Babakamer. (2 × 2) (4)

2.4 Bespreek die waarde van skriftelike beplanning. (10 × 1) (10)

2.5 Die dokumente in die onderstaande tabel word gebruik om rekord te hou van kinders se vaardighede, behoeftes en bekommernisse. Teken die tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en vul die educarer se verantwoordelikheid en die waarde van elke rekord daarop in.

Rekord	Educarer se verantwoordelikheid	Waarde van rekord
Teenwoordigheidsregister		
Daaglikse verslae/Observasieverslae		
Maandelikse observasieverslae		
Vorderingsverslag		

(4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 3

3.1 Die doelstellings vir die versorging en opvoeding van jong kinders is basies dieselfde, naamlik om in die behoeftes van die kinders te voorsien.

3.1 3.1.1 Noem VYF verskillende aktiwiteitsareas in die Babaspeelkamer. (5)

3.1.2 Bespreek die waarde daarvan om 'n Babakamer in verskillende aktiwiteitsareas te verdeel. (4 × 1) (4)

3.2 3.2.1 Gee die definisie van 'n *speelding*. (2)

3.2.2 Noem VYF geskikte manipuleerbare speelgoed vir 1- tot 2-jariges. (5)

3.3 Dit is belangrik dat ouers moet weet en verstaan wat by die dagsorgsentrum gedoen word.

Bespreek hoe jy ouers by probleemoplossingsaktiwiteite sal betrek. (5 × 2) (10)

3.4 Teken die volgende lesplan in jou ANTWOORDBOEK oor en vul die beplanning van 'n morsige spelaktiwiteit vir 'n groep 1- tot 2-jariges daarop in.

Algemene inligting: • • • • • • (6 × 1)		
INLEIDING – DOELWIT	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**
		(3 × 2)
HOOFAKTIWITEIT/ KERNDOELWIT	**AKTIWITEIT**	**APPARAAT**
		(3 × 2)
SLOT – DOELWIT	**AKTIWITEIT**	**APPARATUS**
		(3 × 2)
Evaluasie:		

(24)
[50]

VRAAG 4

4.1

> Daar is musiek in elke kind. Die onderwyser se taak is om dit op te spoor en te ontwikkel.
>
> *Frances Clark*

[Bron: *keystonecreations.com.au*]

4.1.1 Bespreek die kriteria vir die keuse van geskikte materiale en hulpmiddels vir musiekaktiwiteite vir babas. (6 × 1) (6)

4.1.2 Noem DRIE musiekaktiwiteite wat die educarer van geboorte tot ses maande oud met 'n baba kan doen. (3 × 2) (6)

4.2 Noem SES punte wat die educarer in gedagte moet hou by die bespreking van 'n kind se vordering tydens 'n ouervergadering. (6)

4.3 Bespreek VIER vereistes vir 'n veilige stootwaentjie. (4 × 2) (8)

4.4 4.4.1 Modelleerwerk in kuns is 'n driedimensionele voorstelling van voorwerpe se vorm.

Noem DRIE verskillende soorte modelleermateriaal. (3 × 1) (3)

4.4.2 Bespreek die waarde van modelleerwerk in die kleuterskool. (5 × 1) (5)

4.5 4.5.1 Ervaring van verf en teken verskil heeltemal van mekaar.

Noem SES verskillende materiale waarmee geverf kan word. (6 × 1) (6)

4.5.2 Verduidelik TWEE voorbeelde van verfaktiwiteite. (2 × 2) (4)

4.6 Bespreek die waarde van bak-en-brou-aktiwiteite vir die jong kind. (6 × 1) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou